NG GEMEENTE SESMYLSPRUIT

Posbus 12003
CLUBVIEW
0014

Tel: *012 660-0615*
Faks: *086 768 7567*
SMS: *082 453 0102*
E-pos: gbs.ngsesmyl@icon.co.za
Webblad: *www.ngsesmyl.co.za*

God stuur ons na gesinne in nood en 'n omgewing in nood, om met alle middele tot ons beskikking, Sy liefde te leef en uit te dra

9 Mei 2021

BASAAR 2021 !!!

Met die huidige beperkings wat Covid-19 op ons plaas, en spesifiek die beperking van "sosiale afstand", moes die Kerkraad noodgedwonge die geskeduleerde basaar van 29 Mei 2021 kanselleer, en op 'n "ander" manier basaar hou. Dit doen ons met die **"Bel, Bestel en kom haal"** poging en die Kerkraad se opregte dank vir die ondersteuning tot dusver van ons lidmate. Hierdie poging sal voortduur tot DV die einde van 2021. Neem asseblief die blaadjie by die deure en let op die opgedateerde datums en aksies. Van tyd tot tyd verskaf die Kerkraad ook dmv sosiale media skakel-adresse na webblaaie om hierdie pamflette te lees.

Die basaar is natuurlik een van die gemeente se ***hoof bronne van inkomste*** en die Kerkraad maak staat op jou ondersteuning. Die Kerkraad het konserwatief begroot en hoop om R220 000 in te samel. Daar is verskeie maniere hoe jy kan help!

- Ondersteun asseblief die **Bel, Bestel en kom haal** inisiatief.
- ***Kom bied jou hulp aan*** by die voorbereiding van die verskillende produkte wat bestel kan word.
- ***Skenk*** asseblief vir ons die bestanddele wat benodig word. Skakel die verskillende koördineerders in die verband.
- ***Skakel sonder versuim die kerkkantoor. Jou oproep is vir ons belangrik. (012 660 0615)***

blaai om asb

Die gemeente steun ook op jou oop hart en hand en jou ***mildelike bydrae. (Saam hou ons die Kerk se ligte aan die brand en die balju weg by die voordeur...)*** Dit kan soos volg gemaak word:

- Gebruik die **basaar-*koevert*** wat by die deure beskikbaar is, vir kontant en plaas in die offergawesakkie.
- ***Direkte inbetalings*** in die Kerk se rekening by jou eie bank of deur middel van die internet.
- ***Persoonlik*** by die kerkkantoor. (Kontant, Zapper)

Die gemeente se bankbesonderhede is soos volg:

Absa Lyttelton
Tjekrekening 600 590 235
Taknr 335 045
NG Gemeente Sesmylspruit.

Merk koeverte/bydraes asseblief duidelik: ***BASAAR.***

Nogmaals baie dankie vir jou betrokkenheid en ondersteuning.

BID asseblief vir die gemeente en haar finansies

KERKRAAD